

24 September

Skrifgedeelte: 2 Kronieke 11 en 12

Fokusgedeelte: 2 Kronieke 12

Geen sonde is te groot om vergewe te word nie

Koning Rehabeam het sy pa probeer oortref. Hy het self gesê: "My pinkie is dikker as my pa se middellyf" (2 Kronieke 10:10). Hy het sy koninkryk bewapen en vestingstede gebou (11:5-12). Hy het ook baie vrouens en byvrouens geneem en vir sy seuns deur onderhandelinge vrouens verkry (11:21-23). Hy het die priesters en die Leviete wat van die Noordelike Ryk af gevlug het, met ope arms ontvang en so die tempeldiens versterk (11:13-17). Ongelukkig het hy die sonde van sy pa ook probeer oortref: hy het gruwelike heidense gebruike toegelaat (2 Kron 12:14; vgl 1 Kon 14:22-24).

Maar Rehabeam was nie Salomo nie en sy pa was nie Dawid nie. Die Here het tien stamme van hom weggeneem en aan Jerobeam gegee. En boonop het die Here dit so beskik dat farao Sisak van Egipte die vestingstede van Juda verower het en teen Jerusalem opgeruk het. Die eer was weg uit Juda en die huis van Dawid.

Anders as Salomo, was Rehabeam wel bereid om te luister – by twee geleenthede. Die profeet Semaja waarsku hom om nie teen die Noordelike Ryk op te trek nie, en Rehabeam luister. Die profeet Semaja sê dat farao Sisak se inval plaasvind omdat die volk en koning die Here verlaat het, en Rehabeam en die leiers toon berou. Daarom is Jerusalem nie vernietig nie.

Hoe groot is die Here se ontferming as daar maar die geringste teken van berou en bekering is! "As ons ons sondes bely, Hy is getrou en regverdig om ons die sondes te vergewe en ons van alle ongeregtigheid te reinig" (1 Joh 1:9).

Sing: Psalm 32:1,4

Prof PP Krüger (Teologiese Skool Potchefstroom)